PREDIKANTE SPYSKAART

HOOF-GEREG

VIR LERAARS

Huweliksnaweek vir leraarspare

Hierdie kursus word al 10 jaar aangebied as bediening van Wilgespruit en nou word leraarspare uitgenooi **17-19 Augustus 2018**. Daar is 12 kamers (eie badkamers) beskikbaar by De Witte Duif Gasteplaas naby Koster. Die ontwerp gee baie privaatheid deurdat gesprekke uitsluitlik geskied tussen die man en vrou self, met geen druk vir openbaarmaking nie. Koste is R1,400 per egpaar (verblyf, etes en materiaal ingesluit). Egpare kan anoniem vra vir 50% subsidie deur Predikantebediening. Skakel Kerkkantoor Wilgespruit 0117642000.

Voorbereiding vir Aftrede

Daar is lewe na aftrede vir 'n leraarspaar én vir die gemeente waaruit hy aftree. Maar aftrede kan ook 'n slegte seisoen wees. Daarom word die aftrede-kursus vanjaar herhaal op 'n meer persoonlike en goedkoper manier. Hierdie 48-uur kursus vir leraar en sy vrou word nou aangebied by 'n pragtige huis langs die Hartebeespoortdam. Hierdie huis maak koste baie minder as die R1300 van laasjaar, maar daar is ongelukkig plek vir slegs 5 egpare. Die datum word vasgestel om by die belangstellendes te pas, dalk 'n Donderdagaand tot Saterdagaand. Die kursus het 3 fokuspunte: hoe ek losmaak van my gemeente, hoe ons die baie veranderinge van aftrede beplan en bestuur, en dan drome en planne vir 'n baie stimulerende lewensfase as afgetredene. Skakel Henk Gous 0832670108

Jong leraars

Jong leraars het unieke behoeftes om in hul beroep te groei. PC Pretorius neem leiding vir 'n kuier tussen slegs jong leraars self (7 jaar en korter in bediening), moontlik naweek van 21-24 September, of 'n midweek van twee dae, moontlik by Emseni. Program sluit in 'n gesprek oor finansiële beplanning en induksie. Skakel PC Pretorius 0718912850

Voortgesette Bedieningsontwikkeling

VBO is onontbeerlik vir elke predikant om homself skerp te hou. Maar ringe moet dit aanmoedig en gereeld navraag doen daaroor. Ongelukkig vergeet baie ringe om dit te doen. Ringe moet leraars en kerkrade help met hul ontwikkelingsplan. VBO moet dus op die sakelys vir elke ringsvergadering verskyn. Ringe moet die krediete soos geregistreer by CPD-Solutions ontvang en aanvul met krediete waaroor hulself positief oordeel. Ringskribas, vra dus dat VBO krediete op ringsvorms ingevul word. Predikantekringe, gesels asseblief gereeld oor elkeen se persoonlike ontwikkelingsplanne.
Inligting oor krediete te kry via Shepherd 0514013803. Ander inligting by Henk Gous 0832670108.

Sertifikaat vir Bedieningsvernuwing

Dit is 'n intensiewe kursus wat bedoel om predikante te help om op 'n dieper en meer grondige vlak hulle bediening werklik te ontwikkel. Dit word aangebied deur Excelsus (die Sentrum vir Bedieningsontwikkeling by UP) in samewerking met Shepherd in Bloemfontein en Communitas in Stellenbosch. Die kursus word in nege blokke van 3 dae elk oor die loop van drie jaar aangebied. Hul verwerf 60 VBO-krediete per jaar. Skakel Excelsus 012 420 6738
excelsus@up.ac.za

- **13-15 Maart 2018:** Oor ons konteks – om die wêreld en tye waarin ons leef, dieper te verstaan
- **5-7 Junie 2018:** Oor gemeentes – deel van die probleem of deel van die antwoord?
- **9-11 Oktober 2018:** Oor God – die Drie-enige God, Missio Dei en die plot van die Evangelie

NA-GEREG

KERKRADE/RINGE

Brugbediening

Brugbediening is 'n onontbeerlike hulpmiddel vir kerkrade om regtig vir 'n nuwe fase voor te berei. In plaas daarvan om 'n leraarsvakature so vinnig moontlik te vul, kies 'n gemeente 'n brugtyd van 12 maande waarin diep gedink en beplan word oor hoe bediening saam met 'n nuwe leraar anders moet lyk as die verlede. Ringe, konsulente en leraars moet kerkrade hiervan bewus maak reeds voordat 'n vakature ontstaan. Dit word volledig omskryf in Kerkorde 2015 Reglement 12. Daar is reeds meer as 40 NG brugleraars opgelei, o.a. vyf uit Goudland sinode. Name kan verkry word van Andries van Rooyen 0834436677.

Care & Grow Werkswinkels

Hierdie proses help kerkrade om hul leraar as belangrikste werknemer beter te ondersteun. Gemeentes wat reeds in die proses is, getuig dat die proses baie waardevol is en dat effektiwiteit van kerkrade verbeter. Armand Kruger bied hierdie skitterende korporatiewe hulpmiddel aan vir die kerk. Platteland en Klerksdorp sal moontlik by 'n volgende rondte van Care & Grow inskakel maar enige ring kan vra vir deelname. Skakel Hennie West 0834507733.

Finishing Strong-werkswinkel.

Leraars kan spoed verloor in die laaste jare voor aftrede. Die Ring van Pietersburg het onlangs 'n kursus by dr Henk Gous aangevra oor hoe om spoed te behou. Die reaksie by die kursusgangers was so positief, dat hierdie kursus ook nou aangevra kan word deur enige ring of streek wat hul leraars wil help energiek bly. Skakel Henk Gous 0832670108